

# MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP LANDBOUPRODUK-STANDAARDE

## 1. OOGMERK EN AGTERGROND

1.1. Die Wysigingswetsontwerp op Landbouproduk-standaarde poog om die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wetnr. 119 van 1990) (hierna verwys na as “die Wet”) te wysig. Die Wet maak voorsiening vir die beheer oor die verkoop en uitvoer van sekere landbouprodukte, beheer oor die verkoop van sekere ingevoerde landbouprodukte, beheer oor ander verwante produkte en vir sake wat daarmee gepaard gaan.

1.2. Daar is verskeie tekorte in die Wet wat deur die wysigings genoodsaak word, vasgestel. ’n Belangrike tekort was in die omskrywing van bestuursbeheerstelsel, wat alle bestuurstelsels met betrekking tot inspeksie-, ouditering-en opbrengspraktyke gedek het en nie korrek vasgelê is om ten volle aan te spreek wat bedoel was nie. Dié onthulling is deur die staat se regsadviseurs gemaak toe organiese regulasies ontwikkel is wat *ultra vires* (buite die Wet se bestek) was.

1.3. Die hoofoogmerk van die Wetsontwerp is om—

- (a) voorsiening te maak vir duidelike en doeltreffende toepassing van bestuursbeheer;
- (b) voorsiening te maak vir die ouditering van ’n produk vir kwaliteitbeheer; en
- (c) verder voorsiening te maak vir sake wat voorgeskryf sal word.

## 2. OPSOMMING VAN DIE WETSONTWERP

### 2.2. Klousule 1: Wysiging van artikel 1

Dié klousule wysig sekere omskrywings, naamlik “ouditeur”, “direkteur-generaal”, “bestuursbeheerstelsel”, “Minister” en “verkoop” en voeg ’n nuwe omskrywing vir “audit” by.

### 2.3. Klousule 2: Wysiging van artikel 2

Dié klousule maak daarvoor voorsiening dat die Minister 'n gevolmagtigde mag aanwys vir die doel van inspeksie van die kommoditeit vir kwaliteitbeheer en ouditering van 'n bestuursbeheerstelsel, entiteit, onderneming, instansie, vereniging of raad wat spesifieke kennis het, solank as wat daar geen direkte of indirekte persoonlike of finansiële belange is nie.

#### **2.4. Klousule 3: Wysiging van artikel 3**

Dié klousule wysig artikel 3 om sodoende voorsiening te maak vir die prosedure met betrekking tot die vasstelling van 'n fooi deur die gevolmagtigde.

#### **2.5. Klousule 4: Wysiging van artikel 3A**

Dié klousule maak voorsiening vir die byvoeging van die woord “oudit”.

#### **2.6. Klousule 5: Wysiging van artikel 15**

Dié klousule voeg verwysings na “bestuursbeheerstelsel” (subartikel (1)(dA) en “oudit” (subartikel (1)(g)) by artikel 15, as sake ten aansien waarvan die Minister regulasies mag skep.

### **3. PARTYE WAT GERAADPLEEG IS**

3.1. Die belanghebbendes wat tot dusver geraadpleeg is, is die interne (direktorate van voedsel en kwaliteitversekering en die inspeksiedienste). Gevolmagtigdes: bederfbare produkte uitvoerbeheerraad (PPECB), produkbeheer vir landbou (PROKON) en Suid-Afrikaanse vleismaatskappy (SAMIC).

3.2. Daar was openbare konsultasie met die volgende belanghebbendes verwant aan die Wetsontwerp, wat ook vir kommentaar gepubliseer is:

- Verskeie nasionale departemente, provinsiale en plaaslike regeringseenhede;
- verskeie kommoditeitsverenigings soos Hortgro, CGA, GraanSA, Graansilo Industrie,
- verteenwoordigersverenigings/ -unies soos AgriSA en NAFU;
- klein- en groothandelaars;

- uitvoerders, vervoerders, pakhuise en agentskappe;
- verkopers en invoerders;
- verbruikersunies; en
- gewone belangstellende burgers.

#### **4. IMPLIKASIES VIR NASIONALE REGERINGSDEPARTEMENTE EN STAATSENTITEITE**

4.1. Daar sal minimale implikasies aangaande personeel, finansiële en infrastruktuurbehoefte wees. Die wysiging van “bestuursbeheerstelsel” mag implikasies aangaande die verkryging van personeel in óf die staatsentiteite óf die aanwysing van gevolmagtigdes hê.

4.2. Uitvoerders, boere en verkopers mag voordeel trek uit waarborge wat stellings soos organies en vrylopend, onder andere, meegaan, wat gestaaf moet word. Verbruikers sal ook voordeel trek uit die beskerming teen misleidende stellings en dus waarde vir hulle geld kry. Die kwaliteit van produkte wat as te koop aangebied word, sal ook verhoog word. Suid-Afrika mag 'n versterkte voedselbeheerstelsel as gevolg van die verwagte veranderinge hê, wat as 'n goeie basis vir die vergemakliking van handel en marktoegang, sal dien.

#### **5. IMPLIKASIES VIR DIE DEPARTEMENT**

Daar sal 'n minimale implikasie wees, behalwe vir 'n klein strukturele aanpassing binne die direktorate vir voedselveiligheid en kwaliteitsversekering en inspeksiediens.

#### **6. IMPLIKASIES VIR DIE PROVINSIALE REGERING**

Geen.

#### **7. PARLEMENTÊRE PROSEDURE**

7.1. Die Staatsregsadviseurs en die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling is van mening dat dié Wetsontwerp ingevolge die prosedure wat deur Artikel 76 van die Grondwet ingestel is, op die volgende basis hanteer moet word:

Hoofstuk 4 van die Grondwet vermeld in besonderhede die wyse waarop wetgewing deur die Parlement uitgevaardig moet word. Dit skryf verskillende prosedures voor vir Wetsontwerpe, waaronder gewone Wetsontwerpe wat nie provinsies beïnvloed nie (artikel 75-prosedure) en gewone Wetsontwerpe wat provinsies beïnvloed (artikel 76-prosedure). Die bepaling van die prosedure wat gevolg moet word om die Wetsontwerp te verwerk, word na verwys as klassifisering.

'n Wetsontwerp moet ingevolge artikel 76(3) van die Grondwet, ooreenkomstig artikel 76 hanteer word mits dit binne die funksionele gebied wat in Skedule 4 gelys word, val. Skedule 4 van die Grondwet lys funksionele terreine van medewerkende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid. Die hof het, in die saak van die grondwetlikheid van die Drankwetsontwerp, die volgende gestel:

*“...daar moet in gedagte gehou word dat artikel 76 se opskrif ‘gewone Wetsontwerpe wat provinsies beïnvloed’ is. Dit is my mening: dat ’n sterk tekstuele aanduiding dat artikel 76(3) begryp moet word as ’n vereiste dat enige Wetsontwerp waar voorskrifte op wesenlike wyse binne ’n funksionele terrein val wat in Skedule 4 gelys word, ingevolge artikel 76 hanteer moet word.*

*Wanneer ’n Wetsontwerp binne die funksionele terrein wat in Skedule 4 gelys is val, moet dit nie ingevolge artikel 75 hanteer word nie, maar eerder ingevolge die prosedure in artikel 76(1) of artikel 76(2).”*

Die hof het, na die aanvanklike besluit in *Tongoane en Ander v. Minister vir Landbou en Landsake en Ander\** bevestig dat “’n Wetsontwerp met voorskrifte wat op wesenlike wyse binne ’n funksionele terrein val wat in Skedule 4 gelys is, ingevolge artikel 76 hanteer moet word’. Dié toets ‘fokus op al die voorskrifte van die Wetsontwerp om sodoende die mate waartoe dit wesenlik die funksionele terreine in Skedule 4 gelys, beïnvloed, en nie of enige van die voorskrifte toevallig tot sy inhoud is nie’.

Die Grondwetlike Hof het ook gestel:

*“prosedurele voorsorg is ontwerp om meer belang aan die provinsies se stemme te gee oor wetgewing wat hulle wesenlik beïnvloed... hulle is fundamenteel tot die NRP se rol om te verseker dat provinsiale belange in die nasionale regeringsfeer, in ag geneem word. . .”* (sien par. 66).

’n Wetsontwerp moet as artikel 76-Wetsontwerp geklassifiseer word, selfs wanneer slegs een voorskrif of kenmerk op wesenlike mate oor ’n Skedule 4 funksionele terrein handel’, soos wat die Hof in Tongoane gestel het.

Ons is dus van mening dat die Wetsontwerp as ’n artikel 76-Wetsontwerp geklassifiseer moet word — dit is ’n gewone Wetsontwerp wat die provinsie beïnvloed — aangesien dit binne die funksionele terrein val wat in Skedule 4 van die Grondwet gelys is, naamlik “Landbou”.

7.2. Die Staatsregsadviseurs is van mening dat dit nie nodig is om dié Wetsontwerp na die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, ingevolge artikel 39(1)(a) van die Wet op Tradisionele en Khoi-San-Leierskap, 2019 (Wetnr. 3 van 2019), te verwys nie, aangesien dit nie enige voorskrifte bevat wat verband hou met gewoontereg of tradisionele gemeenskappe se gewoontes nie.

---

\* 2010 (8) BCLR 741 (CC)

Gedruk deur Creda Communications

ISBN 978-1-4850-0836-1